KLEINGROEPBYEENKOMS :

Week van 29 Januarie tot 4 Februarie

Versorging

Ons het verlede week gepraat oor ons nuwejaarsvoornemens ten opsigte van ons verhouding met die Here. Hoe het die eerste paar weke van die jaar verloop? Waarmee sukkel jy? Deel met mekaar julle suksesse en teleurstellings. Bemoedig mekaar so bietjie.

Agtegrond:

Ons wil die jaar fokus op dissipelskap. Juis daarom begin ons die jaar met ‘n reeks oor gebed. Ons fokus veral op die Onse Vader gebed. Let op dat Jesus se lering oor gebed deel uitmaak van die Bergrede waarin hy die skares leer oor wat dit beteken om Hom te volg en te leef binne God se Koninkryk. Die uitstaande kenmerk van so ‘n lewe is gebed. Maar dis duidelik in die Bergrede dat Jesus baie aandag gee aan **hoe** ons moet **optree** teenoor ons **naaste**. Blykbaar het ons gebede en die verhoring van ons gebede baie te doen met hoe ons teenoor mense optree. Ons sukkel om met God te praat as ons nie met mense oor die weg kom nie of as ons hulle sleg behandel het.

<u>Vir groepe met kinders:</u>

Van kleins-af leer ons mos ons kinders om mooi te vra as hulle iets wil hê. Hulle moet asseblief sê en natuurlik dankie ook. Vra vir hulle om te vertel wat gebeur as hulle mooi vra vir iets.

Hoeveel van die kinders kan vertel wat hulle gekry het toe hulle mooi gevra het.

Vertel dan vir hulle dat dit baie lekker is vir enige ouer as hulle kinders iets van hulle vra. Dis vir ons heerlik om dinge vir ons kinders te kan gee. Daar is min dinge wat ‘n ouer so bly maak as om iets wat hulle seun of dogter nodig het, vir hulle te kan gee.

Verduidelik dan dat Jesus leer dat gebed is ook om te vra. Ons staan voor God en ons vra mooi dat Hy ons sal help en vir ons sal gee wat ons nodig het. En God is beter as enige aardse pappa. Hy gee nog graagter. Hy help nog beter. En dit maak Hom baie bly as ons met Hom praat en alles van Hom vra.

Skriflesing: Matteus 7: 7-12 en 2 Kor 9:8

Gee genoeg tyd dat elkeen weer in stilte die gedeeltes kan lees. Draai twee-twee na mekaar en vertel vir jou maat wat jou getref het. Gee kans vir mense om in die groter groep te vertel wat hulle gehoor het.

- Gesels met mekaar oor die redes waarom ons bid?
- Ons Skrifgedeelte sê een van die belangrikste redes waarom ons bid is omdat ons God so vrygewig is. Hy is nie inhalig met Sy seëninge nie. Sy arm hoef nie gedraai te word voor Hy gee nie. Hy gee graag. Lees weer Matteus 7: 7-8. Stem julle saam dat God vrygewig is en graag gee?
- Kyk weer na Matteus 7:9-11. Watter beeld gebruik Jesus hier om te verduidelik hoe vrygewig God is?

- Dallas Willard sê: "Prayer is all about asking". Jesus sê gebed is om doodgewoon te vra wat ons nodig het. Wat dink jy hiervan? Kan mens dit verkeerd verstaan?
- Daar is 'n verskil tussen vra en eis (asking and demanding). As jy iets van iemand eis, is daar onmiddelik 'n afstand tussen jou en daardie persoon en gaan hy/sy heel waarskynlik niks gee nie. Maar as jy van iemand iets vra, mooi vra, bring dit julle nader aan daardie persoon. Jy staan bakhand voor hom/haar as jy vra. Jy is afhanklik van die persoon se hulp. So is gebed. Om bakhand voor God te staan en mooi te vra omdat jy Hom nodig het. Bespreek!
- As jy vir iemand iets vra, weet jy dat hy/sy kan ook "nee" sê. Sê God ook soms nee, of moet Hy maar net alles gee wat ons vra?
- Hoekom gee God nie alles wat ons van Hom vra nie? Wat dink jy? Kan dit gevaarlik wees as ons alles kry waarvoor ons vra?
- Dallas Willard het so 'n mooi definisie van gebed*: "Gebed is om doodgewoon met die Vader te praat oor wat ons besig is om saam te doen".* Wat dink jy hiervan?
- Kan mens enige iets van God vra? Selfs klein nietige dingetjies? Watter verskil maak dit as jy regtig glo God is vrygewig en gee graag? Lees weer 2 Kor 8:9

"So what?" Watter verskil maak die gedeelte aan my lewe?

As jy weet jy het 'n Vader wat jou oneindig liefhet en graag in jou behoeftes wil voorsien, hoe wil jy die week leef?

Diens/ Uitstuur:

Gaan deel die goedheid van die Here die week deur goed te wees vir die mense wat jou pad kruis.

Saam bid:

Draai twee-twee na mekaar en bid vir mekaar. Kniel saam as dit moontlik is. Praat met Hom oor die dinge wat julle die week saam wil doen!

Helmuth Thielicke

"Daar is geen probleem in die lewe wat nie anders begin lyk as ons dit in gebed na God bring nie."